Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/ motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: NOAH GAAN NOG LANK OP TV WEES**
[Verwerk uit *Bylae tot Die Burger*, 3 Oktober 2015

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • op taxi's<br>• op (stads)busse<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | • "vreemdeling"<br>• "miljoene"<br>(Enige EEN. SLEGS EEN WOORD.) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3.1 | • Dit is ŉ Engelse opskrif.<br>• Die woorde is in Engels/in ŉ ander taal geskryf.<br>• Die woorde is ŉ aanhaling/kom uit ŉ Amerikaanse koerant.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.3.2 | Vir die Amerikaners/Vir New Yorkers/Vir mense wat (al vir jare) na *The Daily Show* kyk/Amerikaanse (televisiekykers). | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3.3 | *The Daily Show (with Trevor Noah)* | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.4.1 | konnotatief | 1 | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.4.2 | • Jon was ŉ baie gewilde/suksesvolle aanbieder (van die program).<br>• Jon Stewart was iemand van wie die mense gehou het.<br>• Jon Stewart was vir sestien jaar/jare lank die aanbieder.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | D sukses voortsit. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | • Trevor Noah was (vir die Amerikaanse kykers) ŉ vreemdeling. /Hy was ŉ buitestaander.✓<br>• Trevor Noah was nie vroeër deel van die program nie.✓<br>(TWEE redes) | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.7 | (na net) ŉ week | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.8 | • "Mense het gehoop dat Trevor Noah die formaat van die nuwe program *The Daily Show with Trevor Noah* sou verander, maar hy het nie."/"Vir lojale kykers van *The Daily Show* is dit asof die program maar net ŉ nuwe aanbieder gekry het terwyl dit nog steeds dieselfde volgorde het."<br>• Daar is steeds ŉ opsomming aan die begin van die program/begin dieselfde.<br>• Die program het dieselfde volgorde behou.<br>• Die program fokus op een nuusgebeurtenis./Trevor Noah het steeds ŉ geselsie met ŉ joernalis.<br>• ŉ Gewone onderhoud met ŉ bekende word in die ateljee gevoer.<br>• Trevor Noah gebruik steeds dieselfde soort grappies as Jon Stewart.<br>• Die program sluit steeds met ŉ *Moment of Zen*-insetsel af/eindig dieselfde.<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.9 | • Dit is dieselfde tipe grappie wat Jon Stewart (al die jare) gemaak het✓ en niemand het toe daaroor gekla nie.✓<br>• ŉ Mens sou verwag dat die kykers gewoond is aan die tipe grappies wat ook deur Jon Stewart gemaak is✓ en nie nou daaroor moet kla as Trevor Noah so ŉ grappie gemaak het nie.✓<br>• Dit is ironies dat hulle kla oor die grappie✓ want Whitney Houston het op so ŉ manier gesterf.✓<br>(Enige EEN of soortgelyk wat dui op IRONIE) | 2 | 3 |
| | | | |
| 1.10 | "maak asof" (TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) | 1 | 2 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.11 | Trevor Noah ...<br>• verwys in amper elke episode na Suid-Afrika.<br>• maak grappe oor Suid-Afrika/die mense van Suid-Afrika/ omstandighede in Suid-Afrika/apartheid.<br>• praat oor/adverteer Suid-Afrika.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.12 | • Trevor Noah het nie grootgeword met die gerief van ŉ toilet in sy huis nie.<br>• Trevor Noah en sy gesin het net ŉ buite-toilet gehad toe hy grootgeword het.<br>• "hoe hy nooit gedink het hy sou eendag sy eie toilet in die huis hê nie."<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.13 | • Dit gaan moeilik/finansieel/ekonomies swaar met Suid-Afrika se toerisme.<br>• Suid-Afrika kry nie meer so baie toeriste nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk. LET OP: Implikasie, nie betekenis nie.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.14 | Jy moet baie lank vooruit jou kaartjie bespreek. | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.15 | • Mense sit gewoonlik op ŉ rusbank en TV kyk.<br>• ŉ Aanbieder sit soms op ŉ rusbank as hy/sy met ‘n gas praat.<br>• Dit is ontspanne om vanuit die rusbank na die rubriek te kyk.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.16 | • Die leser word betrek/gemanipuleer om verder te lees.<br>• Die vraag dui daarop dat Trevor Noah homself nog nie as goue seun bewys het nie.<br>• Dit beklemtoon sy moontlike sukses.<br>• Die retoriese vraag laat die leser nadink.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.17 | paragraaf 2 | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.18 | Die skrywer<br>• sê Trevor Noah kan nog lank op televisie wees.<br>• sê Trevor Noah kan die goue seun van New York word.<br>• skryf ŉ positiewe artikel oor Trevor Noah.<br>• moedig mense aan om na Trevor Noah se vertoning te gaan kyk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| **TEKS B: Die regte werkplek**<br>[Verwerk uit www.grafika24.com] | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barrett)** |
| 1.19 | • Die eerste grafiek dui aan hoe lank mense tussen hulle huis en werkplek **reis**.<br>• Die horlosie sluit aan/pas by die hoeveelheid tyd wat dit vir mense neem om tussen hulle huis en werkplek te **reis**.<br>• Dit sluit aan by die idee van reistyd.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.20 | langer | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.21 | • Die inligting word kort/direk weergegee.<br>• Mense is lui om te lees.<br>• Dit lees maklik/is makliker verstaanbaar.<br>• Dit is 'n makliker formaat.<br>• Visueel is dit makliker om te verstaan.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.22 | • 'n Motor pas by die idee van parkering/parkeerplek.<br>• Die grafiek handel oor die parkering/parkeerplekke van motors.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.23 | 23% | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.24 | Mense werk beter/het gemoedsrus as hulle weet hul motors is veilig.<br>(Of soortgelyk. Kandidaat se antwoord moet verband hou met gemoedsrus oor parkeerplek.) | 1 | 4 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 2**

**TEKS C: SEWE DINGE OM JOU BETER TE LAAT VOEL**

LW: Die kandidaat hoef nie elke keer met ŉ werkwoord te begin nie.
Die opsomming handel oor watter DINGE jou laat beter voel. Die kandidaat kan dus verwys na wat gedoen kan word of bloot verwys na watter dinge jou laat beter voel.
Dis belangrik dat daar gelet word op opsommings wat TE LANK is.
Om as volsin te kwalifiseer MOET DAAR ʻn WERKWOORD in die sin wees.
Om as KORREKTE AANHALING te kwalifiseer moet die kerngedagte in daardie aanhaling wees wat met die opdrag verband hou..
ŉ Direkte aanhaling is wanneer ŉ sin/hoofsin/bysin net so oorgeskryf is.
Algemene stelling is onaanvaarbaar, moet uit die perspektief van jy/ŉ mens geskryf wees.

| **Direkte aanhaling** | | **Eie woorde** |
|---|---|---|
| Voel jy soms dat die lewe vir jou te veel is? Daar is heelwat dinge wat ŉ mens kan doen om jou beter te laat voel. | | |
| Dis altyd ŉ plesier om na ŉ lang tyd **weer kontak te maak met ŉ familielid of ou vriend. Tel die foon op en bel hulle.** Om so bande met mense te herbou, laat jou altyd beter voel. | 1 | Maak **weer kontak** met ŉ ou bekende./Bel/kontak familie of vriende wat jy **lanklaas gekontak** het./**Herbou** bande met ou bekendes. |
| Daar is baie **dinge wat ŉ mens uitstel**, soos om ŉ tandartsafspraak te reël of jou klerekas reg te pak. **Doen** hierdie dinge **dadelik**, want dit tap jou energie as jy die hele tyd weet daar is nog take wat wag. | 2 | Moenie dinge uitstel nie./Doen dinge wat jy gewoonlik **uitstel,** dadelik./Doen dinge **dadelik.** |
| Die meeste mense hou daarvan **om lekker dinge in die lewe te doen**. **Maak tyd in jou dagboek om weer ŉ keer iets lekkers te doen,** want dit sal jou laat beter voel. | 3 | Maak **tyd** vir **iets lekkers**./Doen weer ŉ slag dinge wat vir jou lekker is. |
| **Wanneer jy aan die begin van jou dag iets positiefs gedoen het**, motiveer dit jou vir die res van die dag. As jy die eerste uur van die dag met negatiewe dinge besig is, is die res van jou dag sleg. | 4 | Begin jou dag deur **iets goeds** te **doen**./Doen **vroegoggend** iets positiefs./Moenie die dag met negatiewe dinge begin nie. |
| Studies bewys dat mense wat lief is vir fisiese kontak, meer goedvoel-hormone het. Jy sal minder stres ervaar en beter voel **as jy vir jou geliefdes drukkies gee.** | 5 | Gee vir jou geliefdes **drukkies**./Maak **fisiese kontak** met mense./**Raak** aan mense. |
| **Om oefening in jou daaglikse program in te bou, is maklik. Klim byvoorbeeld die trap in die winkelsentrum of help om die huis skoon te hou. Oefening gee ekstra energie!** | 6 | Maak **oefening** deel van jou dagroetine./Klim trappe vir **oefening**./Maak die huis skoon vir **oefening**. |
| **As ŉ mens dinge vir ander mense doen sonder om iets terug te verwag, sal jy altyd goed oor jouself voel.** | 7 | **Doen** iets vir ander **sonder om iets terug te verwag.** (55 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

## VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

[Verwerk uit litnet.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | (Die) Spur (Steak Ranches). | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.2 | Die woorde is:<br>• in vetdruk/dik letters.<br>• in hoofletters.<br>• in groter letters as die res van die advertensie gedruk.<br>• in 'n ander lettertipe/skuinsdruk/font.<br>• Die uitroepteken beklemtoon die woorde.<br>• Anders oor die bladsy geskryf.<br>(Enige TWEE) | 2 | 6 |
| | | | |
| 3.3 | Suid-Afrikaners | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | perfek | 1 | 6 |
| | | | |
| 3.5 | lekkerder | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.6 | A alliterasie. | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.7.1 | jou | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.7.2 | lekker | 1 | 5 |
| | | | |
| 3.8 | kwart | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 4**

**TEKS E: TEKENPRENT**
[Verwerk uit comicstrips.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | geskok/geskrik/skrik/verbaas/bang/angstig/bekommerd<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.2 | bestuur/ry/stop/beheer | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.3 | • Die seun se pa het nog nie klaar gepraat nie.<br>• Die seun het sy pa onderbreek/in die rede geval.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.4 | Tot siens/Totsiens/Koebaai/Tatta/Tot weersiens | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.5 | Die pa sê dat dit nog ver (is) skool toe (is).<br>(2 punte of 0) | 2 | 3 |
| | | | |
| 4.6 | Die pa het hom vanoggend vinnig ver van die skool afgelaai. | 1 | 5 |
| | | | |
| 4.7 | Asseblief | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.8 | B benoud | 1 | 6 |
| | | | |
| 4.9 | In raampie 6 laat die volgende my lag:<br>• Die seun se woorde (direkte woorde)/reaksie/lyftaal.<br>• Die pa wat uit die motor klim.<br>• Die Meneer wat aankom./Spreek die pa as Meneer aan.<br>• Die pa wat sleg lyk (in sy oefenklere)./Pa se klere is te klein.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 6 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 5**

**TEKS F: KOERANTARTIKEL: Skoolseun het rekenaars vir siek kinders gekoop**
[Verwerk uit *Rapport*, 28 September 2014]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Skoolseun koop (rekenaars) vir siek kinders (rekenaars). | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2 | liefde | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.3 | Twee rekenaars **is (deur hom) gekoop (deur hom)**. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.4 | Dit **was** maar net die begin. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.5 | matriekleerling | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.6 | • Die sement op die sypaadjie is **hard**.<br>• Ek het baie **hard** geleer vir die eksamen.<br>• Die musiek is te **hard**.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.7 | • Ek het rekenaars begin soek omdat ek hulle wou motiveer.<br>• Omdat ek hulle wou motiveer, het ek rekenaars begin soek.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.8 | briljantste | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.9 | Bennie sê**: "My** doel is om (hierdie projek) by elke staatshospitaal (hierdie projek) te begin.**"** | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10 | Ek wil kinders help **om** hulle siekte **te oorwin**. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.11 | Borge het hom nie meer geïgnoreer nie. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.12 | • ophou<br>• nie meer aangaan nie<br>• moed verloor/moed opgee/opgee<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.13 | gister | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.14 | Ai, dit was die moeite werd**!** | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL** | **[14]** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 5**

**TEKS G: SPOTPRENT**
[Uit: www.dreamonline.com]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 5.15.1 | vir | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.2 | ruik/lyk/is/smaak | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.3 | honger(te)/geur/reuk/aroma | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.4 | stert/stertjie/lyf | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.5 | skinkbord | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.6 | voorskoot | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL** | **[6]** | |

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou